ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

(ECHO GROUP)

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XIV YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, MAY 2021 **No. 12**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Deuteronomium 28:1-8

1. "As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel.
2. As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk.
3. Jy sal geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld.
4. Jou nageslag sal geseën wees, en die opbrengs van jou lande en die aanteel van jou diere, jou kalweroes en jou lammeroes.
5. Jou oesmandjie en jou knieskottel sal geseën wees.
6. Jy sal geseën wees waar jy ook gaan.
7. Die Here sal jou vyande wat jou aanval, vir jou laat vlug. Hulle sal uit een rigting teen jou opruk, maar in talle rigtings voor jou uit vlug.
8. Die Here sal die seën beveel om oor jou te kom, oor jou graanskure en oor alles wat jy aanpak. Die Here jou God sal jou seën in die land wat Hy aan jou gee.

Selfs as alles verlore gaan,

God se woorde

sal nooit verlore gaan nie!

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

"Samuel het grootgeword. Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onvervul gelaat nie" (1 Samuel 3:19).

Toe ek 'n klein seuntjie was, het ek grootgeword onder die toesig van my oom (moeder se broer) en my tante (moeder se suster) en boonop my liefdevolle moeder. My vader het ver weg gewerk in die leër en wanneer hy met vakansie huis toe gekom het, het hy altyd baie geskenke vir my gekoop, aangesien ek die witbroodjie in ons gesin was. Ons het almal saam gewoon as een groot familie. Eenkeer het hy vir my baie duur ingevoerde parfuum in 'n bottel gegee wat uit 'n vreemde land ingevoer is. Hy het my bemoedig en gesê ek moet dit met groot sorg hanteer.

Ek het dit met groot blydskap aangeneem en dit vir my familie gewys, ook vir my vriende en ook vir my pastoor in die Kerk en my vriende wat na ons kerk toe gekom het en gespog dat dit 'n geskenk van my vader was.

Maar binne 'n paar dae, terwyl ek die bottel in my hand hou, het dit uit my hand gegly en geval en in stukkies gebreek! Die parfuum wat in die bottel was, het uitgeloop op die vloer soos 'n klein riviertjie, reg voor my oë. Ek onthou nou nog die skok wat ek ervaar het baie jare gelede.

Julle word dalk ook grootliks geaffekteer deur sommige insidente wat julle lewens

... verv. op bls. 3

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

van julle geliefde broer...

(ECHO GROUP)

...Ek het jou nog altyd liefgehad...
Jeremiah.31:3

Geliefde broers en susters in die Here,

Liefdegroete in die wonderlike Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Ek hoop dit gaan met julle almal goed. Omdat julle goeie vriende is in Jesus Christus en Vennote in hierdie groot geestelike onderneming, onthou ek julle elke oggend en aand voor die Troon van Genade. Onthou asseblief dat julle gedek word deur my gebede. Die Here God Jesus Christus vir Wie ek dien, sal lulle nie sonder troos laat nie en julle nie in die steek laat nie, my geliefdes.

Soos gewoonlik was ek in hierdie dae ook baie besig van soggens vroeg tot middernag elke dag om die Here Jesus Christus te dien deur te bid, skryf, preek, onderrig te gee, administratiewe werk te doen, om te sien na finansiële behoeftes, ens. behalwe my gesinsverantwoordelikhede. Dit gaan goed met my. *"Die Here is my Herder; ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam. Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig" Psalm 23:1-4.* Dis my begeerte dat julle dit ook sal ervaar in julle lewens.

Ons Bedienings soos ons **Moederkerk, Wykskerke, Echo of His Call** tydskrif in 17 tale, **BYBELKOR** – Basiese Korrespondensiekursusse, **Nehemia Bybelkolleges**, **Evangeliese Drukpers, St. Paul's Matriculation School**, ens. funksioneer goed deur die guns van God. Ek het julle gebede nodig vir ons beskerming en uitbreiding.

Nehemia Bybelkollege

In hierdie tyd het die Here God dit op ons hart gedruk om die aktiwiteite van ons **Nehemia Bybelkollege** uit te brei en te verstewig op 'n progressiewe manier. Dit funksioneer apart onder 'n Voorsitter wat 'n vooraanstaande Bybelgeleerde is en 'n groep gekwalifiseerde en ervare fakulteitslede. Ons het alreeds aansoek gedoen om akkreditasie by die **Asia Theological Association (ATA)** van Indië wat die belangrikste Akkrediteringsliggaam is. Ten einde aan hulle standaarde te voldoen, moet ons ons biblioteek uitbrei met meer boeke. Ons probeer om meer teologiese en stigtelike boeke te bekom vir gebruik deur ons studente.

As julle sulke goeie gebruikte of nuwe boeke het, kan julle dit skenk aan ons Bybelkollege. Onlangs het een van ons vriende wat in die buiteland woon, gesê hy kan vir ons baie boeke per vrag stuur na ons Bybelkollege. Maar ons moet dan nog die koste dra vir vervoer, invoerreg, ens. Dit kan 'n groot bedrag beloop, wat bo ons vermoë is. Ons versoek julle gebede hiervoor. Julle moet asseblief bid

Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HOOFREDAKTEURS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

BESTURENDE REDAKTEUR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

ADMINISTRASIE
Bro. **N. Prakasam,** M.A., Algemene Bestuurder

REDAKSIERAAD
Sis. **Jesy Veena Sam**
Bro. **M. Paul Raj,** M.A., B.Ed.
Sis. **Serena Bevin,** M.A., M.Phil., B.Ed.

HOOFKANTOOR-KOÖRDINEERDERS
Bro. **John Rodrigues**
Sis. **E. Daisy Rani**

ADVIESRAAD
Adv. **Jose Abraham**
Adv. **N. Balaji,** B.Com., B.L.
Dr. **S. Rabinder Boaz,** M.S.
Er. **C.G.S. Babu Rao,** B.Tech., M.Tech (DM)
Aud. **K. Puratchivendan,** M.Com., B.L.

UITGEWER & DRUKKER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

hiervoor. Julle moet asseblief bid vir hierdie groot behoefte en doen soos die Here julle lei, geliefdes, aangesien ons hierdie boeke baie dringend nodig het, en ook boekrakke, biblioteektafels, rekenaars, ens. vir ons Bybelkollege se Biblioteek.

St. Paul's Matriculation School

Aan die ander kant het ons ook 'n behoefte aan **biblioteekboeke van 'n algemene aard** soos **Storieboeke, Spreuke, romans, fabels, Woordeboeke, Woordraaisels, Woordspeletjies, dramas en Fiksie vir ons St. Paul's Matriculation School**. Die arm kinders verwag julle helpende hand in die verkryging van biblioteekboeke. Julle kan maak soos die Here julle lei.

Liewe broers en susters, julle mag weet dat teenswoordig dit nie gunstig is vir mense soos ons nie. Ons is op die voorfront van God se leër. Ons ondervind tans groot sataniese uitdagings en dreigemente wat betref ons gesondheid, sendingveld, administrasie, finansies, ens. Laat die Gees van God aan julle die werklike stryd openbaar wat ons tans ervaar. Ons het werklik julle hulp en gebede nodig. Ons hoop om van julle te hoor. Skryf asseblief aan ons of bel ons. Ons sal getroos wees as ons weet dat iemand anders in die wêreld begaan is oor ons welstand, aangesien ons julle so lief het in die Here God Jesus Christus.

Laastens is daar ook ons vriende wat ons tydskrif **Echo of His Call** al vir meer as 5 jaar lees, wat meesal besig is om oud te word en nie meer in staat is om dit te lees en ons te ondersteun nie. Ons kry dus 'n hele aantal van ons tydskrifte terug van die poskantoor. Om die Evangelie oor te dra na die volgende generasie moet ons nuwe bronne vind. Ons het die adresse van nuwe lesers nodig. Dus vra ons vriendelik dat julle 'n paar minute neem en die name en adresse van julle geliefdes en familielede wat ver van julle af woon (saam met hulle e-posadresse en selfoonnommers, indien moontlik) sal neerskryf op die laaste blanko bladsy van hierdie uitgawe en dit aan ons sal stuur per pos of e-pos of Whatsapp. Ons sal met graagte elke maand die Echo of His Call in enige taal aan enige aantal adresse stuur sonder enige koste. Julle hoef nie hiervoor enige geld aan ons te stuur nie. Gebruik asseblief ekstra papier as die spasie nie genoeg is nie, en word 'n deel van hierdie bediening van God,

Mag God julle seën.

Julle dienaar in Christus Jesus,

PASTOOR S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.

---

verv. van bls.1

aan skerwe laat spat het. Baie goeie dinge wat te styf vasgehou is, kon dalk van julle weggegly het. Vandag kry julle goeie nuus! Julle het julle Here God Jesus Christus!! Hy kan julle elke dag voed met sy woorde!!! Hierdie kosbare woorde sal nooit verlore gaan soos iets wat op die grond val nie. Om deur sy woorde geseën te word, moet julle vroeg in die môre opstaan en tot Hom bid, die Bybel lees en geduldig wag om sy woord vir die dag te ontvang. Hierdie gewoonte moet nie vir een of twee dae volgehou word nie, maar vir julle hele lewe.

Toe het die Here weer in Silo verskyn. Want die Here het Homself openbaar aan Samuel in Silo deur die Woord van die Here. En die woord van Samuel het tot die hele Israel gekom (1 Samuel 3: 21, 4:1).

Die Bybel sê geeneen van God se woorde het onvervuld gebly nie (1 Samuel 3:19). Hiervoor is daar baie redes. Wanneer die Here Jesus Christus 'n mens in sy hand neem en hom of haar begin gebruik, is dit nie net vir 'n oomblik, of tydelik nie, dit is vir altyd. "Hy wat julle roep, is getrou. Hy sal dit ook doen" (1 Tessalonisense 5:24). In 2 Kronieke 6:4 lees ons, "Geloofd sy die HERE, die God van Israel, wie se hande volbring het wat sy mond … gespreek het". In Jesaja 46:4 belowe Hy: "Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red." Moet dan nie bekommerd wees nie. Al het jou situasie baie sleg geword, sal die Here Jesus Christus dit regstel.

Van die begin van Samuel , die man van God, se lewe het die Here God se magtige werke geblyk getrou te wees tot die einde van sy lewe. Netso sal Hy ook in jou lewe groot werke doen en al sy beloftes vervul.

Eerstens, Samuel se Kinderdae

"Daarna het Elkana na sy huis toe gegaan in Rama, terwyl die seun Samuel die Here bly dien het onder toesig

van die priester Eli. Maar Eli se seuns was slegte mense; hulle het nie met die Here rekening gehou nie" (1 Samuel 2:11 12). "Hierdie sonde van Eli se seuns was baie groot in die oë van die Here, want daardeur het die mense hulle agting vir die offer van die Here verloor" (1 Samuel 2:17,18).

Die Bybel sê Hofni en Pineas, die seuns van Eli, het hulleself allerlei sondige aktiwiteite veroorloof (I Samuel 2:13-17, 24). Hoewel Eli hulle vermaan het om nie sulke bose dinge in Israel te doen nie, het hulle nie geluister nie. Eli het vir hulle gesê, "Ag nee, my seuns,die gerugte wat ek verneem, is nie goed nie. Julle verlei die volk van die Here. Wanneer een mens teen 'n ander mens verkeerd optree, sal die regters die saak uitmaak, maar as 'n mens teen die Here sondig, wie sal dan die saak uitmaak?" (1 Samuel 2 :24 25).

Onder sulke omstan dighede het die seun Samuel die Here gedien. Hoe kan 'n jong seun die Here dien?

Samuel se ouers het hom by die tempel gelaat voor die priesetr Eli. Die seun het begin om alles sorgvuldig in te neem wat Eli gedoen het terwyl hy die Here gedien het. Terwyl Eli gebid het, sou die seun Samuel ook sy jong beentjies gebuig het en op sy knieë wees. Hy het sy oë toegemaak en in sy eie taal sou hy God geprys het en die Here God gedank het!!! As Eli sy oë oopgemaak het, moes hy gesien het dat Samuel ook besig is om te bid. Dan sou Eli seker met sy hande liefderyk vir Samuel op die rug geklop het. Op daardie oomblik moes Eli die kind Samuel geseën het.

Die Bybel sê dat Samuel se moeder gewoonlik vir hom 'n manteltjie gemaak het en dit jaar na jaar vir hom gebring het. As 'n seun het Samuel al 'n linneskouerkleed gedra wanneer hy die Here gedien het (1 Samuel 2:18,19). Die skouerkleed is gewoonlik deur die Hoëpriester gedra wanneer hy in die Allerheiligste ingegaan het.

Terwyl Samuel nog 'n jong seun was, moes sy moeder Hanna die mantel vir haar seun gemaak het soos die priester se kleed. Ek onthou, my moeder het altyd vir my klere gemaak soos die wat ons pastoor gedra het! Sy het dit geniet om na my te kyk as ek die klere aangehad het. Baie mense het my in ons kerk gesien in daardie klere. Baie mense het ook gesien hoe ek speel ek is 'n priester wat voor baie mense preek. So het sy opgemerk dat ek 'n goeie dienaar van God sou word in die toekoms.

Kyk na vandag se ouers! Of die kind nou 'n seun of 'n dogter is, hulle koop ultramoderne klere vir hulle kinders sodat hulle lyk soos uitvoerende kunstenaars, of selfs hansworse! Die ouers lei die kinders in 'n wêreldse leefstyl. Kinders dra lelike haarstyle en verval al op 'n vroeë ouderdom in die luste van die vlees. "Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie" (Romeine 13:12-14).

'n Ondervinding!

Eenkeer toe ek op 'n sekere plek gaan werk het, het ek die geleentheid gehad om 'n dienaar van God en sy gesin te ontmoet. Terwyl ek met die dienaar van God gepraat het, het iemand by ons verbygeloop met oorbelle en 'n ketting aan, net soos 'n jong meisie. Ek het hom gevra wat sy dogter studeer. Hy het gesê dis nie sy dogter nie, maar sy seun! Hy sê toe vir my daar is 'n Christelike jeugvereniging in sy dorp. Al die manne in die verenigng trek soos vroue aan en lyk soos jong meisies! Terwyl ons nog praat, sien ek nog 'n ander jong seun wat net ingekom het. Ek vra toe vir hom, "Wie is dié seun?" Hy het met 'n treurige gesig geantwoord, "Dit is nie my seun nie, maar my dogter". Die duiwel is besig om sy tentakels

... verv. op bls. 6

'n Vriendelike versoek aan ons dierbare Broers en Susters

Soos julle almal weet, is dit vir ons moeilik om in al die behoeftes te voorsien soos die personeel se salarisse, uitgawes vir papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons glad nie mense om in ons finansiële behoeftes te voorsien nie. Maar ons versoek die mense wat waarlik hierdie bediening liefhet, om hulle offergawes aan te stuur, by **wyse van Geldwissels, Tjek of NEFT, Paypal (Sam Selva Raj, echoofhiscall.org), PhonePe, Gpay (98410 71858), Western Unior, MoneyGram** of op enige ander wyse en sodoende ons bediening te ondersteun. Wanneer julle sulke ondersteuning stuur, gee ons asseblief kennis per SMS, Whatsapp of telefoon. Ons is so dankbaar teenoor diegene wat ons ondersteun. **die Here sal julle sekerlik seën.**

Spreuke 17:17 "...jou broer is daar met die oog op jou nood"

Redakteur, Echo of His Call
98412 71858 / 98410 71858
E-pos:sam@echoofhiscall.org

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE - Vanaf 2021 Mei 19 Tot Junie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

SAKE VIR LOF EN DANK

Mei 19: Laat ons God loof vir ons Echo of His Call Bedienings.

Mei 20: Loof God vir ons senior lede van die Moederkerk.

Mei 21: Al ons manlike en vroulike lede van die Moederkerk is baie geseënd**.**

Mei 22: Dank God dat ons **ECHO OF HIS CALL** tydskrif in 17 tale op ons Drukpers gedruk is en na verskillende sendingvelde gestuur is.

April 23: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Mei 24: Loof die Here vir die pastore en amptenare van ons kerke.

Mei 25: Laat ons die Here prys dat hy ons geseën het om die evangelie in onbereikte gebiede te versprei.

Mei 26: Laat ons God prys vir die dienste van 8 vm. tot 8 nm. in ons Moedergemeente.

Mei 27: Loof die Here vir die Sondagdienste in Balaji Nagar, Santhoshapuram en Velachery.

Mei 28: Dat Hy ons **St. Paul's Matriculation School** geseën het om te funksioneer met bekwame personeel.

Mei 29: Laat ons God prys vir ons ondersteuners.

Mei 30: Loof die Here vir elke geleentheid sgeleentheid in die afgelope maand.

Mei 31: Vir ons Staatkoördineerders en hulle gesinne.

Junie 01: Nuwelinge en gelowiges in ons kerke.

Junie 02: Laat ons God loof vir die beveiliging van ons sendelinge en hulle gesinne.

Junie 03: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

SAKE VIR GEBED

June 04: Bid met volharding vir die spoedige herstel van ons Marathi Mederedakteur, Ds. Shashi Tiwari van sy lyding.

June 05: Laat ons bid vir ons sendelinge in Noord-Indië en hulle welstand.

June 06: Laat ons bid tot God vir die voorspoed van ons Organisasie, al die personeel en hulle gesinne.

June 07: om ernstig te bid vir integriteit jeens God onder al die nasies.

June 08: Laat ons bid tot die Here om ons Evangeliese Drukpers en die volgehoue werking daarvan te seën.

June 09: dat ons sal bid dat alle sendelinge en gelowiges verenig sal staan in hul dienswerk.

June 10: Laat ons tot God bid vir ons plan om die Nehemia Bybelkolleges vanaf Junie 01 te heropen.

June 11: Laat ons bid vir die uitbreiding van ons Bedienings op elke moontlike manier.

June 12: Laat ons in nederigheid bid tot God vir alle dwelmsverslaafdes om verlos te word daarvan.

June 13: Bid vir hierdie jaar se uitgawes en God se hand daarin.

June 14: Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing en ń rustige lewe.

June 15: Bid tot God om ons Evangeliese Pers veilig en netjies te hou.

June 16: Laat ons bid vir ons Mederedakteur in die Manipuri taal, Ds. Dr. Rishikanta Sorokhaibam en sy gesin.

June 17: Om ons te wy aan gebede vir ń spoediger vernietiging van die Corona virus in die Wêreld.

June 18: Dra in gebed ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin op vir bewaring teen alle bose magte.

verv. van bls.4

stewig in te slaan in baie Christenfamilies en hulle na die hel te lei.

"Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het (1 Thessalonisense 4:2-8).

Op Samuel se lewensreis het nie een van God se woorde onvervuld gegaan nie. Liewe ouers, hoe voed julle julle kinders op?

Tweedens, Samuel se jeug

"Hierdie sonde van Eli se seuns was baie groot in die oë van die Here…"

"Maar die seun Samuel het grootgeword en die Here en die mense was hom goedgesind" (1 Samuel 2:17,26).

Die seuns van Eli het heeltemal in sonde geleef. Maar aan die ander kant sien ons hoe Samuel, 'n jong seun, die guns van God en die mense verwerf het. God kyk na albei hierdie soorte mense. Watter van hulle sal Hy seën? Wie sal Hy verhef? Watter van hulle sal Hy vertrou?

Toe ek 'n jong man was het my ouers my toevertrou aan Pastoor S. **Devadason** (voormalige redakteur van die "India Herald of

his coming"). Ek het die voorreg gehad om die man van God te dien. Ek was getrou aan hom. Hy was 'n perfeksionis wat elke ding presies gedoen het en altyd betyds was. Ek het my dienste aangebied, altyd gedagtig daaraan dat ek hom met alles moet tevrede stel en nooit iets doen wat nie sy goedkeuring sou geniet nie.

My pastoor was gewoonlik vir ure op sy knieë terwyl hy vir al die mense regoor die wêreld gebid het. Deur hom in daardie posisie te sien, het ek ook geleer om soos hy te bid. Ek het ook geleer om die Woord van God vir ure te lees en te mediteer op 'n vers terwyl ek op my knieë staan. Om nog baie ander dinge te noem wat ek by hom geleer het – om God se boodskap van God self te kry, om te wandel volgens God Se Woord, om die gedagtes neer te skryf en te publiseer, die Woord van God te preek, om een tiende van al die inkomste as 'n offer aan God te gee, om ander bedienings te ondersteun met spesiale offers, om 'n liefdesoffer te gee aan enige dienaar van God wat my kom sien het, om skoon klere te dra, ens. Al hierdie goeie dinge het ek van hom geleer en ek het God se wil gedoen, my pastoor en die lede van sy groot gesin plesier, ook sy vrou, seuns, Dr. D.T. Rajah, Dr. D.S. Spurgeon, Bro. Theodore, Br. Wesley Devadason, sy dogters en kleinkinders. Hulle het my ook so baie liefgehad. God het my beloon deur my meer en meer te seën in die later jare.

"Hoe lief het ek u wet! Ek dink die hele dag daaroor na. U gebooie gee my meer insig as wat my vyande het, en is altyd by my. Ek munt uit bo al my leermeesters, want u verordeninge bly my by. Ek het meer insig as ouer mense, want ek gehoorsaam u bevele" (Psalm 119:97-100). Wat God ook al tot my gespreek het in my lewe, niks daarvan het onvervuld gebly nie. Hy beskerm my. Hy voorsien in elke behoefte van my. Amen.

Liewe jong man en liewe jong vrou wat nou 'n wêreldse lewe lei, het julle die ondervinding wat ek hierbo genoem het? Hoe het jy aangetrek? Trek jy aan om ander mense aan te trek? Is jou haarstyl bedoel om ander mense aan te trek? Waak oor jouself!" "God laat Hom nie bespot nie" (Galasiërs 6:7).

Kyk na sommige jong mans en vroue wat hulleself dienaars van God noem. Kyk na

Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

Vir besonderhede : Die Sekretaris
Theological Correspondence Course,
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71852.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

hulle manier van aantrek, hulle haarstyle, die snor, en die baard. Hulle dink hulle kan ander aantrek met hulle wêreldse, maar verkeerde styl van aantrek. Hulle mag dalk sommige groepe jong mans en dames aantrek wat soos hulle aantrek. Maar met sulke ultramoderne bedienings kan hulle nooit God tevrede stel en 'n enkele persoon help om verlos te word van 'n sondige lewenstyl nie. Wees gewaarsku! Dit was Samuel se nederigheid en geloof wat byval gevind het by sowel God as mense in sy jong dae. Nie een van God se woorde wat tot hom gespreeek is, het onvervuld gebly nie.

Liewe kind van God, het jy hierdie ondervinding? Sommige jongmense wat deur God geroep is tot sy dienswerk, skitter helder in die vroeë stadium. Maar hulle bly nie vir lank so nie. Baie verander totaal nadat hulle getroud is. Hulle verander hulle styl van kleredrag en verander selfs die leerstellings wat hulle eenmaal aanvaar het. Hulle vergeet van die roeping wat hulle eenmaal van God gekry het, verloor hulle geestelike standaarde en word onherroeplik gebroke. Ons mag baie hoog verhef word in die samelewing. Maar ons moet versigtig wees om die apostoliese leer te volg en ook vir die huidige geslag die onverwaterde leer van die vroeë apostels voor te hou. Dit is die behoefte van die tyd. Die dienaars van God wat verbonde is aan hierdie leer kan God vir 'n lang tyd dien en 'n geseënde lewe lei. Vir sulke mense is oorwinning verseker. Ons Here God het ook sulke mense nodig!

Derdens, Samuel het gegroei en die Here was met hom... (1 Samuel 3:19).

Loof die Here! Samuel het dus gegroei tot 'n volwassene. Ook nou was die Here God met hom. Kinderdae en jeugjare verskil van volwassenheid. As jy 'n kind of 'n jongmens is, kry jy waarskynlik ondersteuning van jou ouers en die gemeenskap. As jy 'n volwassene is, het jy meer behoefte aan God se guns. Jy bevind jou dan in verskillende omstandighede soos die huwelik, kinders, finansies, sosiale lewe, siekte en gesins-probleme. Onder sulke omstandig-hede het jy God se hulp nodig. Ons kan nie alleen staan en 'n lewe van oorwinning lewe sonder goddelike genade nie. Jy sal sekerlik God se hulp nodig hê soos beskerming en leiding.

Toe ek in 'n staatsde-partement gewerk het voordat ek voltyds in die bediening gestaan het, het ek 'n vriend in my kantoor gehad. Ek het gewoonlik in my etensuur pamflette versprei en gepreek. Ek het 'n heel aparte lewe gelei. Wanneer hy my betrokkenheid by sulke dinge gesien het, het my vriend my altyd geterg en oor my gekla by die hoër amptenare. Dit het vir my baie stres veroorsaak. Ek het altyd vir hom gebid. Toe ek hom weer na 'n paar jare ontmoet het ek tot my verbasing gemerk dat sy manier van aantrek en sy gedrag totaal verander het. Ek het gemerk dat hy voor op sy hemp 'n spreuk gehad het met die woorde "**Jesus leef**" en hy het ' n Bybel in sy hand gehad. Hy het soos heeltemal 'n ander mens gelyk!

"In verbasing het ek vir hom gevra "My liewe vriend, wat het met jou gebeur? Dit lyk of jy my ver vooruit is". Hy het geantwoord, Broer Sam, ek is getroud, maar ek het nie 'n goeie werk gehad nie. Daar was ook nie vrede in ons huis nie. Ons het geld kortgekom. Ons is nie geseën met kinders nie. Almal het begin om die spot met my te dryf. Ek moes eenvoudig op een of ander manier bevryding kry. Maar niemand het gekom om my te red van moedeloosheid, slapeloosheid en vloek in my lewe nie. Ek het hulp nodig gehad van 'n allerhoogste God wat regtig by my sou wees en my probleme sou oplos".

"In hierdie situasie het ek 'n buurman gehad wat altyd deur sy luidpsreker gesing en geroep het oor iemand met die naam Jesus Christus en sy mag. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Eendag het ek ongemerk in 'n klein kerkie ingegaan in die tyd van gebed en in 'n hoekie gaan sit. Daardie pastoor het my nie geken of opgemerk nie en was ook nie bekend met enige van my behoeftes of my gebroken heid nie".

Maar hy het uitgebrei op die Bybelvers Matteus 11:28, "Kom na my toe, almal wat moeg en oorlaai is, en ek sal julle rus gee". Elkeen van hierdie woorde het in my hart ingedring en 'n soort vibrasie veroorsaak. Ek kon 'n bonatuurlike goddelike aanraking ervaar wat buite my kennis en geloof was.

Daardie dag het ek besef daar is 'n God en sy naam is Jesus Christus. Wat 'n wonderlike ervaring! Op daardie selfde dag het ek in woorde al my sondes bely voor die Here God Jesus Christus, ek het vergifnis ontvang en ek het 'n hartsverandering ondergaan, Broer Sam! Ek het verlossing gekry en my familie is ook gered. Nou word ons gelei deur die Heilige Gees van

God. My Verlosser Jesus Christus het al my gebrokenheid genees en sorg vir al my behoeftes".

Liewe leser, jy het vandag 'n Verlosser nodig! Jy het 'n God nodig!! Moenie luister na of mense aanhang wat iets negatiefs sê oor die lering van Christene nie!!! Die almagtige Skepper en God sê, "Die dwaas sê in sy hart, daar is geen God nie" (Psalm 53:1) en "die boodskap van die kruis is dwaasheid vir dié wat verlore gaan ..." (1 Korintiërs 1:18). Jy word gebore om suksesvol te wees. "Laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring!" (Jesaja 60:1).

Samuel het gegroei met God altyd by hom. Wat hy dus ook al gesê het, niks het ooit onvervuld gebly nie. Liewe vriend, jy mag 'n kind wees, of 'n jongmens of gevorderd in jare. Maar die krag van God word nooit kleiner nie! Kom nou na Hom. Die oorwinning is seker!!

Vierdens, Samuel, die ou man

"Die hele Israel van noord tot suid het gemerk dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here" (1 Samuel 3:20).

"Hy wat julle roep, is getrou. Hy sal dit ook doen" (1 Tessalonisense 5:24).

Samuel was dus die profeet en rigter vir die hele Israel. Hy is deur God geroep om 'n profeet te wees (1 Samuel 3:20). Later het Samuel ook in Rama gebly en die rol vervul van 'n rigter in Mispa, Gilgal en Bet-El. Hy was 'n profeet sowel as 'n rigter. Al twee sy seuns het hom op sy oudag gehelp. Wat 'n wonder en geseënde man was Samuel!

Toe wou die mense van Israel 'n koning hê om oor hulle te regeer. Dus het hy, volgens die opdrag van God, as 'n rigter vir Saul gesalf om koning te wees. **Hy het aangehou om 'n profeet en rigter te wees tot die einde van sy lewe toe.** Ek persoonlik bewonder Samuel regtig baie.

'n Ondervinding!

Terwyl ek vir die regering gewerk het, is 'n nuwe gebou opgerig vir die gebruik van die kantoor. Toe die konstruksie klaar was, voordat die kantore verskuif is, wou die personeel 'n 'yagam' viering hou vir afgode. Maar die hoofbeampte wat glad nie 'n Christen was nie, het my opdrag gegee om daar 'n gebed te doen en dat my kantoor na die boonste verdieping geskuif moet word en hy het verklaar, "Waarom moet ons tyd en geld spandeer om 'n priester te kry om 'n wêreldse gebed te doen terwyl God se dienaar Sam Selva Raj wat altyd besig is met een of ander gebed tot 'n God, saam met ons werk?" En hy het opdrag gegee om my kantoor eerste te verskuif na die boonste verdieping en hy het my geëer. God het my so die voorreg gegee om 'n staatsamptenaar te wees en 'n priester. Julle het geweet dat die regering my tevore al spesiale verlof gegee het om die **Echo of His Call** bediening waar te neem.

Later toe God vir Saul verwerp het, het Samuel vir Dawid gesalf as die koning van Israel. Dawid het Samuel beskou as sy geestelike vader. Toe Samuel oorlede is, het die hele Israel oor hom gerou.

Liewe leser, het jy hierdie soort bevordering in jou lewe ondervind?

Gedurende Samuel se kinderdae, jeug en volwassenheid en gedurende sy ouderdom het God hom beskerm en nie toegelaat dat enige van sy woorde onvervuld gebly het nie. Mag die Here ook so met julle wees met sulke ongekende liefde en sorg. Glo en kom tot die lewende God Jesus Christus!! Amen.

******

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net

Address : **SIS. ELBINA SMITH**
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"wie dit lees, moet dit goed begryp " Matteus 24:15

Thanks be unto God for his unspeakable gift

Gedurende my beginjare, in 1972 is ek deur die Gees van die Here aangespoor om 'n evangeliese veldtog te loods in 'n plek genaamd Saidapet in Tsjennai. Ons het ruim reklame gemaak deur muurplakkate, pamflette, ens. om so mense uit te nooi na die veldtog. Ek self het, met die hulp van my medewerkers, probeer om soveel mense as moontlik daar te kry.

Baie gebed is uitsluitlik aan hierdie program gewy. Party van my mense het hulle musie kinstrumente en spesiale sangtekste saamgebring. Toe die veldtog moes begin, kon ons geen mense sien wat daarheen kom nie. Maar ons het lank gewag. Uiteindelik het twee broers opgedaag om die veldtog by te woon. Al my broers wat hard gewerk het vir die veldtog was baie treurig. Hulle het vir my gevra waarom God nie ons opregte gebede beantwoord het nie en ons harde werk erken het nie. Ek het vir hulle gesê God kon sy antwoord gee op sy eie manier. Ek het nie regtig hoop verloor nie. Ek het myself versterk in die Here my God (1 Samuel 30:6).

Nogtans het ek die diens gehou en 'n kragtige boodskap verkondig en een van die twee deelnemers het sy lewe aan die Here gegee en later het hy homself verbind om saam met my vir die Here te werk.

Nou het God my verhef om veldtogte toe te spreek waar duisende mense in Indië vergader en ook buite die land Indië. God se naam is verheerlik. Hiervoor moes ek verskeie jare wag met baie geduld en geloof.

Liewe broers en susters, seil jy tans in 'n boot van mislukking? Dink jy al jou harde werk en vastende gebede lewer geen vrugte op nie? Somtyds is God stil wanneer ons baie aktief is en groot en onmiddellike verwagtings het, om ons geloof in Hom en ons geduld te toets.

"sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan ... en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus" 1 Petrus 1:7.

****

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/- **Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-**

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET, CHEPAUK,
CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/19-21

THIS IS YOUR MINISTRY! PLEASE DO IT FOR GOD'S GLORY!! WE NEED MORE READERS !!!

Please write below atleast 10 names, addresses, E.mail addresses and Cell Phone Numbers of your friends and relatives. We will send **Echo of His Call Magazine** to them as a gift from you each month freely.

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

6._____

7._____

8._____

9._____

10._____

Please use additional sheets if you have more addresses. God will reward you.

Regd. With the Registrar of Newspapers for India
under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th MAY 2021

If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS LOVES YOU!

To

GOD BLESS YOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No. 18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk,, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**